# *Die Woord as maatstaf: die implikasie van Godspraak in 1 Petrus 4:11*

NGTT DEEL 55, NO 1, 2014

**Zuiddam, Benno Alexander**
Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus)

## ABSTRACT

### The Word as norm, the implication of oracle in 1 Peter 4:11

In 1 Peter the author uses the rare oracular word λόγια followed by the added θεοῦ to refer to the collective oracles of God, his revealed words. For all practical purposes: sacred Scripture. He suggests that these divine oracles should set the standard for all Christian speech and proclamation. The seriousness of these words is reinforced by an eschatological setting that emphasizes God as the final judge of a temporal world that is drawing to its close. The revelatory character that is inherent to λόγια and its divine origin is reinforced by θεοῦ. In the mind of 1 Peter it is the reality of revelation from above that Christians draw from and against which all human speech and proclamation should be measured, particularly in the Church.

## 1. INLEIDING

Hierdie artikel wil die implikasies van die gebruik van die Griekse frase λόγια θεοῦ vasstel binne die literêre konteks van 1 Petrus 4:11. Die semantiese teorie wat hiertoe gebruik word, is die filologiese benadering, wat die teks vanuit sy grammatiese en literêre konteks probeer verstaan. Vanuit daardie verstaan word betoog dat die huidige Afrikaanse vertalings van die teks verbeter kan word, aangesien die wesenlike betekenis van λόγια θεοῦ as openbaring en orakels uit "die hemel" onvoldoende sigbaar is vir die leser wat net Afrikaans verstaan.

Hierdie artikel beoog om aan te toon dat Petrus in hierdie perikoop God se orakels daarstel as die standaard vir alle Christelike verbale kommunikasie.

> 1 Petrus 4:11: εἴ τις λαλεῖ, ὡς λόγια θεοῦ …
>
> 1983/92-Vertaling: As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom …[1]

Die kerngedagte dat God aan die woord kom, is sinvol, maar die objektiewe standaard wat Petrus daarstel, bly onvertaald. Die ouer 1933/53-Vertaling mis ook aan seggingskrag in hierdie verband: "As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God."

Hierdie artikel betoog dat dit nie net gaan om woorde wat moet klink soos woorde van God nie, maar dat Petrus baie meer impliseer. Dit gaan nie om 'n gevoelsmatige gesindheid nie, maar om 'n navolg van 'n geopenbaarde standaard wat die HERE daargestel het. Dit gaan volgens die skrywer om orakels van God, om Godsprake wat navolging verdien in Christene se kommunikasie. Die Godsprake is nie menslike gevoelens nie, maar geopenbaarde woorde wat van Bo afkom. Hulle is nie uitgedink namens God deur die mens hier benede nie.

Petrus het die meer algemene λόγος tot sy beskikking gehad, maar hy het in 1 Petrus 4:11 verkies om 'n seldsame Griekse woord te gebruik: λόγιον. Hierdie woord is baie meer as net 'n "woord". Enige vertaling sou dit moes verreken, maar ongelukkig het die Afrikaanse vertalings wat tot nog toe verskyn het, dit in onvoldoende mate gedoen. In essensie is λόγιον 'n orakel, 'n Godsspraak wat die mens net ontvang en deurgee. Petrus kies doelbewus vir die woord "Godsprake", en daarom kan daar nie maar net vertaal word asof daar "woorde" staan nie. Dis belangrik om die ingrypende verskil tussen λόγιον en die meer algemene λόγος te besef. 'n Onlangse

1 Die NRSV is meer letterlik in sy vertaling van 1 Pet 4:11 as die 1983/92-Vertaling: "Whoever speaks must do so as one speaking the very words of God …" Hierdie artikel argumenteer egter dat die vertaling van die RSV, die NRSV se voorganger, die voorkeur het: "whoever speaks, as one who utters oracles of God …"

 2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

studie het dit in diepte aangetoon (Zuiddam, Van Rensburg & Jordaan 2008:381): "One of the most evident ways that the writers of Biblical literature claimed to receive divine speech is their use of the word λόγιον. This word is a physical illustration that Jesus' statement about adding or removing a jota[2] may be of some consequence to philologists as well as to a more general public. While the commonly used λόγος is primarily word, a communicative vehicle of any sort, this is not true about λόγιον. Like λόγος it is a word, but it is much more restricted in its meaning. The ancient Greek used it to describe an oracle, i.e. an authoritative pronouncement of the gods. In other words, while the author of λόγος could be human or divine, λόγιον was always produced in the heavenlies" (vgl. Liddell & Scott 1996:1056).

Die meervoudsvorm λόγια dui aan dat dit gaan om die versameling of die verskynsel van orakels (of: Godsprake). Dit is verder van belang dat λόγια θεοῦ in 1 Petrus 4:11 nader bepaal deur die toevoeging van θεοῦ, 'n subjektiewe genitief. Die hemelse oorsprong word op daardie wyse versterk.

Gevolglik stel hierdie artikel voor dat λόγια in 1 Petrus 4:11 nie verstaan moet word as bloot "woorde" nie, maar in sigself beskou moet word as goddelike kommunikasie. Die gebruik van θεοῦ is nie net 'n nadere kwalifikasie nie, soos dit by 'n ander woord sou gewees het nie. Deurdat die aanwesigheid van λόγια reeds openbaring impliseer, is hier sprake van 'n toutologie wat die saak wil beklemtoon. Die outeur wil duidelik maak dat dit God se geopenbaarde Woord is wat die standaard stel.

Ons sal dit nader aantoon deur die wyer konteks van die vers in ag te neem (2). Dan sal die onmiddellike tekstuele konteks belig word, 1 Petrus 4:7-11 (3). Vervolgens sal 'n nadere eksegese van die tersaaklike frase in 1 Petrus 4:11 plaasvind (4). Filologiese gevolgtrekkings en 'n voorstel vir 'n alternatiewe vertaling van die frase is deel hiervan.

## 2. SKRIFBEWYS EN WAARHEID AS ARGUMENT IN 1 PETRUS

Die plan van God vir Christene se lewe en die wêreld in die algemeen speel 'n baie belangrike rol in die Eerste Petrusbrief. Dinge gebeur nie maar net toevallig nie, maar die geskiedenis ontwikkel volgens God se bedoeling, soos Hy dit in die Skrif aan sy mense bekend gemaak het. Die profete van oudsher was reeds diensbaar aan

2 Matt 5:18: ἀμὴν γὰρ λέγω ὑμῖν ἕως ἂν παρέλθῃ ὁ οὐρανὸς καὶ ἡ γῆ ἰῶτα ἓν ἢ μία κεραία οὐ μὴ παρέλθῃ ἀπὸ τοῦ νόμου ἕως ἂν πάντα γένηται.(83/92-Vertaling: Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.)

die Gees van Christus,[3] die gesalfde Koning, wat volgens Petrus in hulle gewoon het (1 Pet 1:11 τὸ ἐν αὐτοῖς πνεῦμα Χριστοῦ προμαρτυρόμενον τὰ εἰς Χριστὸν). Met hierdie openbaringsargument (οἷς ἀπεκαλύφθη)[4] gebruik hy die perikoop 1:3-12 as die uitgangspunt vir die oproepe wat volg in 1:13-25.[5] In daardie gedeelte roep die outeur sy lesers op tot heiligmaking. Die oproep daartoe is eweneens gegrond op God se openbaring in die Skrif: διότι γέγραπται ὅτι ἅγιοι ἔσεσθε ὅτι ἐγὼ ἅγιος εἰμι (Want dit staan geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig"). Dit word dan gevolg deur nog ʼn verwysing na God se verlossingsplan (1:17-21)[6], ʼn oproep en weer ʼn

3 Die Gees van Christus het in die profete gebly en getuienis gegee lank voordat die gebeurtenisse waaroor Hy praat, plaasgevind het. Dit wat vir die menslike sintuie onbekend was, was aan hulle geopenbaar (ἀπεκαλύφθη). Miller (1993:306-307) is reg deur daarop te wys dat hierdie openbaring kom met ʼn verpligting aan die adres van die lesers van die Eerste Petrusbrief: «In 1:10-12 Peter suggests a «practical equivalence» between the Old Testament message as the apostles understood it in the light of Christ, and the gospel which had been preached to his readers. In 1:22ff. Peter suggests that it was this gospel which had brought his readers new birth, and closely connects it with the Old Testament message. Also, in 1:22 and 2:8 Peter insisted that it is this word which is the "truth" and claims their "obedience."

4 1 Pet 1:12: οἷς ἀπεκαλύφθη ὅτι οὐχ ἑαυτοῖς ὑμῖν δὲ διηκόνουν αὐτά ἃ νῦν ἀνηγγέλη ὑμῖν διὰ τῶν εὐαγγελισαμένων ὑμᾶς ἐν πνεύματι ἁγίῳ ἀποσταλέντι ἀπ᾽ οὐρανοῦ εἰς ἃ ἐπιθυμοῦσιν ἄγγελοι παρακύψαι. (1983/92-Vertaling: Aan hulle is geopenbaar dat wat hulle geprofeteer het, nie vir hulleself bedoel was nie, maar vir julle. Nou het dié wat die evangelie aan julle verkondig het, dit aan julle bekend gemaak deur die Heilige Gees wat van die hemel af gestuur is. Dit is dinge waarin selfs engele begerig is om insig te kry.)

5 1 Pet 1:13: διὸ ἀναζωσάμενοι τὰς ὀσφύας τῆς διανοίας ὑμῶν νήφοντες τελείως ἐλπίσατε. (1983/92-Vertaling: Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus.) Van Rensburg (1992:36-39) wys op die gebruik van die strukturele aanduiding διὸ in die Griekse teks (vgl. Van Rensburg & Vosloo 1999:1713) om aan te toon dat 1:3-12 die basis vorm vir die perikoop1:13-25, asook vir drie ander hoofdele van die brief (2:1-10, 2:11-4:19; 5:1-11). Hoewel die perikope teologies verbind word deur die algemene verklaring in 1:3-12, is daar behalwe in 1:13-25, geen duidelike verwysing na die begin van die brief as sulks nie. Dit is eerder die geval dat die outeur vergelykbare gedagtes aan die orde stel in die meer onmiddellike konteks van latere perikope, sonder ʼn direkte verwysing na 1:3-12.

6 Van Rensburg (2005:418-432) indentifiseer verskillende beelde wat help om Petrus se begrip van redding te begryp.


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

verwysing na die Skrif (met die gebruik van διότι), wat die rol van die Woord van God in die geestelike geboorte van die lesers beskryf (1:23-25).[7]

Die rol van die Woord gebruik die outeur vervolgens ook as ʼn aanmoediging vir geestelike groei (2:1-2 ἀποθέμενοι οὖν πᾶσαν κακίαν).[8]

ʼn Nuwe reeks oproepe in 2:11 – 3:9 word ook weer gegrond op die Skrif. 1 Petrus 3:10-14 haal aan uit Psalm 34:12-16 en uit Jesaja 8:12. Ook is daar ʼn samevatting van die leer van die Apostels oor Christus se voorbeeld op aarde, hoe Hy tog die wil van God gesoek het in situasies van veronregting, pyn (χριστοῦ οὖν παθόντος σαρκὶ[9]) en verwerping deur mense (3:15-22). Hierdie stelling gebruik die outeur as deel van sy argument teen ʼn heidense leefwyse (4:1-4). Die openbaringsgegewens van die einde van die wêreld en die laaste oordeel wat kom, versterk sy saak (4:5-7a). Die ander oproepe, byvoorbeeld 4:7b-16 (σωφρονήσατε οὖν[10]) word ook op redegewende wyse op openbaring gebaseer (vgl. 4:17-18). Dit geld ook vir die uiteindelike oproepe in 4:19 – 5:11 (veral 4:17-18). Die outeur doen dus baie moeite om sy saak in die Eerste Petrusbrief te stel binne ʼn algemene konteks waarby openbaring deur God die grond is. Die brief (5:12) eindig ook met ʼn nadruklike

7 1 Pet 1: 22-25: τὰς ψυχὰς ὑμῶν ἡγνικότες ἐν τῇ ὑπακοῇ τῆς ἀληθείας εἰς φιλαδελφίαν ἀνυπόκριτον ἐκ καθαρᾶς καρδίας ἀλλήλους ἀγαπήσατε ἐκτενῶς [23] ἀναγεγεννημένοι οὐκ ἐκ σπορᾶς φθαρτῆς ἀλλὰ ἀφθάρτου διὰ λόγου ζῶντος θεοῦ καὶ μένοντος [24] διότι πᾶσα σὰρξ ὡς χόρτος καὶ πᾶσα δόξα αὐτῆς ὡς ἄνθος χόρτου ἐξηράνθη ὁ χόρτος καὶ τὸ ἄνθος ἐξέπεσεν. (1983/92-Vertaling: Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê. Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God. Die Skrif sê: "Die mens is soos gras, en al sy prag soos ʼn veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die woord van die Here, dít bly vir ewig." En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.")

8 1 Peter 2:1 (1933/53-Vertaling): "Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery." Hier word die Griekse οὖν gebruik om dit te verbind aan die mens se verlange na die onderrig uit die Woord van God (1:25, vgl. 1:2: ἐπιποθήσατε; vgl. 1 Kor 3:2, Heb 5:12-13). Daar is geen aanduiding in die teks dat dit gaan om ʼn direkte verwysing na 1:3-12 nie. Waarskynlik dui die samevattende οὖν op die samevatting wat die outeur net voor dit gee (1:17-23), veral die rol van die Woord van God (wat dit fasiliteer) word in gedagte gebring.

9 1 Pet 4:1a (1933/53-Vertaling): "Omdat Christus dan vir ons na die vlees gely het."

10 1 Pet 4:7b (1933/53-Vertaling): "wees dan ingetoë en nugter."

herbevestiging (ἐπιμαρτυρῶν ταύτην εἶναι ἀληθῆ χάριν τοῦ θεοῦ εἰς ἣν στῆτε[11]) van hierdie objektiewe standaard, die waarheid, [12] wat aan die mens gestel is.

## 3. SKRIFBEWYS EN REKENSKAP AS NOUE KONTEKS VAN 1 PETRUS 4:7-11

### 3.1 Inleiding

Net soos in die eerste hoofstuk van die Petrusbrief die geval was (vgl. 1:10-12; 1:22-25), gebruik die outeur in 4:7-11 ook strukturele verwysings na die Woord van God by sy vermanings aan die adres van die leser wat aangemoedig word om ŉ Christelike lewe te lei. Die perikoop betrek ook die openbaringsgegewe dat God die bestaande wêreld sal beëindig en die Regter van die mensheid sal wees (4:5-6; 4:17-18). Dit speel dus ŉ belangrike rol beide voor en na 1 Petrus 4:7-11. Elke mens moet rekenskap aflê van sy dade aan God, wie se insigte en mening van deurslaggewende belang behoort te wees, sowel vir die mens se lewe nou as vir sy finale bestemming.

### 3.2 Eksegese van die konteks, 1 Petrus 4:7-11

Die eksegese van die perikoop 1 Petrus 4:7-11 is van belang vir die eksegese van die tersaaklike onderdeel van 1 Petrus 4:11. Daar is ŉ strukturele samehang. Die begin van 4:7, πάντων δὲ τὸ τέλος ἤγγικεν,[13] het ŉ duidelike band met die voorgaande

11 1 Pet 4:12 (1933/53-Vertaling): "Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie."

12 Waarheid is vir Petrus dieselfde as God se bedoeling. Sy openbaring is nie ŉ abstrakte teorie nie, maar teiken die Christen se gedagtes, woorde en leefwyse. Senior (2003:126) stem saam: "This notion of 'God-consciousness' or awareness of truth through the eyes of faith is a key underlying motif of the letter and it emerges again in the final doxology (4:11b)."

13 1 Pet 4:7a (1933/53-Vertaling): "En die einde van alle dinge is naby." Volgens Petrus het sy lesers die laaste fase van die wêreldgeskiedenis betree. Dit moet gelees word in verband met 4:4-6, waar die outeur God beskryf as die Regter van die lewendes en dié wat reeds gesterf het, wat almal rekenskap moet aflê aan Hom (vgl. Van Rensburg & Vosloo 1999:1727-1728). Dit lyk nie asof dit beoog om paniek te veroorsaak onder Petrus se lesers nie. Inteendeel, hulle word bemoedig deur die gedagte dat daar ŉ einde sal kom aan hulle lyding en dat reg wel sal geskied. Aangesien hulle dit besef, is die nabye einde van alle dinge gevolglik ŉ aanmoediging (4:7b) tot ŉ sobere leefwyse wat op God gerig is. Schweizer (1998:82) toon dit mooi aan: „Den Lesern, die die Botschaft von Jesus Christus gehört und angenommen haben, sagt es also zunächst, dass ihre Zeit nicht mehr die alte, immer gleiche oder doch nur in stetem Kreisen sich


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

verse oor God wat gereed staan om die lewendes en die wat reeds gesterf het, te oordeel (4:5-6 οἳ ἀποδώσουσιν λόγον τῷ ἑτοίμως ἔχοντι κρῖναι ζῶντας καὶ νεκρούς ens).[14] Petrus verkondig nie net 'n God wat praat met sy lesers nie, maar een wat in beheer is van hulle lewens en uiteindelike bestemming. Dit is nie op die ingewing van die oomblik nie, maar volgens die waarheid wat God in sy Woord openbaar het, dat hy die mensheid sal oordeel. Op grond van hierdie openbaringswaarheid wat 4:7 bevestig, dat die tweede helfte van 4:7 vervolg met die imperatiewe σωφρονήσατε οὖν καὶ νήψατε[15] εἰς προσευχάς.[16] Dis ook binne hierdie konteks dat 4:8 hulle oproep tot die deug van liefde (πρὸ πάντων τὴν εἰς ἑαυτοὺς ἀγάπην ἐκτενῆ ἔχοντες ὅτι ἀγάπη καλύπτει[17] πλῆθος ἁμαρτιῶν); asook gasvryheid in 4:9 (φιλόξενοι εἰς

wiederholende Zeit ist. Für sie ist die Zeit offen auf die Zukunft hin, auf die alles hinzielt und die alles zur Vollendung führt. Dabei ist aber gerade nicht an einen Enthusiasmus gedacht, der alles Gegenwärtige überspringen wollte. Im Gegenteil führt die Ansage des nahen Weltendes und des Anbruchs der endgültigen Vollendung ausgerechnet zur Besonnenheit, die über den Augenblick hinaussieht und sich <<nüchter>> (vgl. Zu 1,13) vor Illusionenen hütet, die über alles Bedrohende oder Verlockende Gott selbst in die Mitte stellt und von ihm alles Leben erwartet."

14 1 Pet 4:5-6 (1933-Vertaling): "Hulle sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel. Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees."

15 The oproep tot nugterheid, νήψατε, (νήφω, vgl. Bauer & Aland 1988:1090; Liddell & Scott 1996:1175) veronderstel die afwesigheid van enigiets wat die oordeelsvermoë aantas. Met ander woorde, die gelowiges sou in staat moes wees om te bid en die gewenste aandag daaraan te gee. Beare (1947:158) is reg wanneer hy sê dat hierdie segswyse "combines the thoughts of literal sobriety, abstinence from drunkenness (cf. 1 Thess. 5:7-8), and of clear-headed insight which sees life steadily in the light of eternity and of the impending end of Time. The two verbs together suggest a disciplined life, with all the faculties under control and the energies unimpaired by any kind of excess... ...enjoined primarily for the sake of the prayers in which the Christian most truly realizes his communion with God and his fellowship with all believers."

16 1 Pet 4:7b (1933-Vertaling): "Wees dan ingetoë en nugter, om te kan bid."

17 Sommige navorsers sien 'n konflik wanneer Petrus verklaar ὅτι ἀγάπη καλύπτει πλῆθος ἁμαρτιῶν (4:7) ("omdat die liefde 'n veelheid van sondes bedek). Feldmeier (2005:146) oordeel verkeerdelik dat Petrus sê dat menslike liefde die rede is vir God om sondes te vergewe. Tog meen Feldmeier dat 'n mens nie te veel daar moet maak, omdat (Feldmeier volg Goppelt hierin) Petrus homself nie noukeurig teologies uitdruk nie. Dit is egter nie die teks as sulks nie, maar Feldmeier se uitleg wat die teënstelling skep wat hy voor Petrus se voete lê. Die outeur van 1 Petrus behandel hier (4:7) nie die dogma van redding nie. Hy het dit klaar gedoen in 1:18 (ἐλυτρώθητε). In 1 Petrus 4:7 staan die liefde wat alle dinge bedek in die konteks van πάντων δὲ τὸ τέλος ἤγγικεν (4:7) en τὸ

ἀλλήλους ἄνευ γογγυσμοῦ; en die gebruik van geestelike gawes en talente in 4:10-11.[18] Dit alles dui dus op 'n duidelike samehang tussen wat God geopenbaar het en wat Petrus meen die Christen se gedrag moet wees.

Om duidelik te maak hoe belangrik hierdie sake vir hom is, gebruik die outeur πρό in kombinasie met πάντων; vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf (1990:172-73). Terwyl hulle in gedagte hou dat die einde van alles naby is (4:7), moet die gelowiges besef dat hulle mekaar moet liefhê (4:8). Die grond hiervoor is 'n Skrifverwysing na Spreuke 10:12 (πρὸ πάντων τὴν εἰς ἑαυτοὺς ἀγάπην ἐκτενῆ ἔχοντες ὅτι ἀγάπη καλύπτει πλῆθος ἁμαρτιῶν). Die partisipium ἔχοντες dui op 'n vervolg van die imperatief σωφρονήσατε en νήψατε in 4:7; vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf (1990:397-98). Dis dus nie sommer net los verse nie, maar 'n eenheid in die Grieks wat gegrond en bymekaar gehou word deur gehoorsaamheid aan God se geopenbaarde Woord (vgl. 1:22; Joh 13:34). In 4:9 gebruik Petrus die voorsetsel ἄνευ, wat met "sonder" of "vry van " vertaal kan word (Bauer & Aland 1988:129-130, vgl. 1 Pet 3:1 "sonder woorde). In 4:9 moet gasvryheid aangebied word "without grumbling" (NIV), of "without complaining"(NRSV). Sowel 3:1 as 4:9 moedig die leser aan om sowel sy praat as sy swye te onderwerp aan God se reëls. Dit lei uiteindelik tot die hoogtepunt in 4:11 waar die outeur stel dat God se orakels die standaard vir menslike spreke in die Kerk behoort te wees, en in die lig van 4:9 gevolglik ook vir wanneer 'n mens maar liewers stil moet bly en nie onsin praat of pêrels voor die varke gooi nie.

Die eenheid van die perikoop word ook bevestig in 4:10, waar die partisipium διακονοῦντες, net soos vroeër ἔχοντες, die imperatief in 4:7 verder voer; vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf (1990:397-98). God openbaar egter nie net sy Woord nie, hy

---

κρίμα ἀπὸ τοῦ οἴκου τοῦ θεοῦ (4:17; vgl. 4:5-6). Die oortuiging dat God oordeel, straf en beloon, tref 'n mens dwarsdeur die Nuwe Testament aan, bv. Mat 7:2; 16:27; Luk 14:14; 19:22; Hand 17:31; Rom 2:16; Op 20:12-13. Die verwysing na Spr 10:12 oor liefde wat sondes bedek, betref slegs die Hebreeuse teks, aangesien die Septuaginta lees: μῖσος ἐγείρει νεῖκος πάντας δὲ τοὺς μὴ φιλονεικοῦντας καλύπτει φιλία (Haat hits bakleierij aan, maar toegeneëntheid bedek die wat nie daarvan hou om te baklei nie). Sien ook Jak 5:20 en Luk 7:47. Van Houwelingen (1991:156) het 'n goeie voorstel as hy sê dat hierdie vers nie praat van God se vergewing nie, maar van die mens s'n. Die bedekking van sondes het betrekking op die daaglikse verhoudings tussen Christene: «Vergeving herstelt de onderlinge gemeenschap, zoals Jezus aangaf in de gelijkenis van de koning die afrekening hield met zijn slaven (Mt. 18, 23-35).»

18 Vir 1 Pet 4:10 is God se genade aan die mens bewys (χάρις) 'n belangrike oorweging. Dit lei tot die uitdeling van χάρισμα deur God aan elke gelowige persoonlik. Goppelt (1978:287) verklaar hierdie op goeie wyse as hy die term «Liebeserweisung» (liefdesuitdrukking) gebruik. Knoch (1990:116-17) gee 'n oorsig van die Bybeltekste wat handel oor die geestelike gawes.

 2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

deel ook gawes uit aan sy gelowiges. Die NRSV vertaal dit goed: "Like good stewards of the manifold grace of God, serve one another with whatever gift each of you has received." Petrus maan die Christene tot liefde (4:8) en diensbaarheid (4:10). Die uitdrukking ποικίλης χάριτος (*genitivus qualitatis*, Blass, Debrunner, Rehkopf 1990:136-137)[19] θεοῦ verwys na die menigvuldige uitdrukkings van Godsgenade.[20] Christene se gedrag en praat vind in hierdie konteks plaas. Hulle is instrumente in diens van God wat aan hulle sy genade betoon het. Die genade van God is soos ’n groot skuur, ’n bergplek vir baie soorte en uitdrukkings van sy genadige omgang met die mens. God word voorgestel as die eienaar wat die geestelike goedere beheer en uitdeel. Vanuit hierdie bron kry elke Christen afsonderlik (ἕκαστος καθὼς ἔλαβεν χάρισμα εἰς ἑαυτοὺς)[21] gawes wat by die betrokkene pas. Hy gebruik hierdie gawes

19 Goppelt (1978:287) wys uit dat "der Genitiv χάριτος nähert sich hier einem Gen. Obj. Und der Begriff χάρις selbst dem Sinn „Gnadegabe"; mann kan es vielleicht als ‚Liebeserweisung' verstehen." Die gebruik van ‚Liebeserweisung' is jammer aangesien dit kan lei tot ’n verwarring van ἀγάπη and χάριτος.

20 God se genade (4:10) speel ’n sentrale rol in die konteks van 1 Pet 4:11. Hierdie genade word uitgedeel op velerlei wyses, maar twee kategorië, verkondiging en diensbaarheid, is tog hier onderskeibaar. Miller (1993:306) wys op die genadebron van albei: "Peter stresses the fact that each has received a gift. Whatever the gift, it comes from the store of God's varied grace. If one speaks, he is to do it as one who utters oracles of God. If one renders service, he is to do it by the strength which God supplies. The horizontal, therefore, is always an expression of the vertical." Hoewel Groenewald (1977:79) die moontlikheid van twee spesifieke gawes oop los, dink hy ook dat Petrus twee kategorieë beoog: "Uit die ryke verskeidenheid van genadegawes word nou net twee dinge genoem: "as iemand spreek"en "as iemand dien". Waarskynlik is dit nie die bedoeling dat net hierdie twee gawes van belang is nie, maar dat Petrus die groot verskeidenheid van gawes nie afsonderlik wil bespreek nie, en hulle daarom onder twee hoofde tuisbring: die bediening van die woord, en die bediening van die tafels (Hand. 6:2-4)." Die meeste navorsers volg inderdaad die gedagte van twee kategorieë in 1 Pet 4:11. Bolkestein (1963:164) stem saam: "Er kunnen dus twee groepen geestesgaven onderscheiden worden: die van het spreken en die van het dienen met de daad." Wiebert (1984:259-60) ook: "Peter divided gifts into two functional categories: the speaking gifts and the service gifts. The two categories are presented in the form of two conditional sentences." Goppelt (1978:287-88) praat in dié verband van "die beiden Grundformen" (die bediening van die Woord en die diens van die tafels).

21 Volgens 1 Pet 4:10 word Christelike genadegawes verder uitgedeel ἕκαστος καθὼς ἔλαβεν χάρισμα εἰς ἑαυτοὺς (NRSV: As each has received a gift, employ it for one another). Hierdie is vir Petrus uitdrukkings van die HERE se genade in die lewe van gelowiges. Hierdie genade word op verskillende wyses (ποικίλος, vgl. Bauer & Aland 1988:1370-71) sigbaar, soos daar ook onderskeie genadegawes is. Schreiner (2003:214) is reg deur te beklemtoon dat hoewel daar verskillende uitdrukkings is, dit tog gaan

as ʼn rentmeester in sy woorde en dade wanneer hy ander Christene teëkom. Op hierdie wyse maak die genadegawes van God ʼn praktiese verskil op aarde. Vir die argument van hierdie artikel is dit belangrik, want Petrus se fokus is op die Gewer en Bron, dis die ποικίλης χάριτος θεοῦ wat sentraal staan. Dit kom op baie maniere voor, maar dit kom van God af – hetsy in spreke of in Christelike diensbaarheid, dit is God wat die standaard stel. Sowel woorde as dade moet ingegee word deur God, sodat Hy geëer kan word. Die moontlik dat hier verwys word na ʼn spesiale 'eindtydgenade' is onwaarskynlik.[22]

Dit gaan vir die outeur om woorde en dade, 4:11: εἴ τις λαλεῖ ὡς λόγια θεοῦ εἴ τις διακονεῖ ὡς ἐξ ἰσχύος ἧς χορηγεῖ ὁ θεός.[23] Sowel gedrag as taal moet verander word deur die Evangelie. Elliott (2000:758) bevestig die parallellisme wat ʼn mens kry in hierdie perikoop: "The parallelism of this couplet is marked by balanced conditional statements, followed by elliptical clauses referring to God... …[let that one do so] as [uttering] oracles of God." Dit is God wat die standaarde stel vir verkondiging

om dieselfde bron, God: "Even though every believer possesses at least one gift, the gifts are not necessarily the same. God's grace manifests itself ' in its various forms,' so the diversity of gifts reveals the multifaceted character of God's grace." Groenewald (1977:79) vat die saak saam: "Die genade van God is "veelvuldig". Dit neem baie vorme aan en openbaar hom in ʼn ryke verskeidenheid van gestaltes." Schweizer (1998:83) vra aandag vir die geestelike implikasies: „Freilich ist diese Gnade <<vielfältig>>. Das befreit von unbarmherziger Grenzenloseigkeit. Niemand ist für alles verantwortlich. Niemand muss ins Unendliche streben. Gott teilt zu, was für jedes Glied gabe und Aufgabe ist, und immer sind die andern da, die sas können, was ihm versagt ist."

22 Michaels (1988: s.n. ad 1 Pet 4:10) meen dat "Peter now points to that eschatological 'grace' at work even now in the worship and ministries of the Christian congregations to which he writes". Hierdie misterieuse voorstelling van genade as 'an end-time force lingering in churches' lyk eerder asof dit veroorsaak is deur Michaels' se teologie as ʼn interpretasie van die Grieks en die konteks van 1 Petrus. Bauer & Aland (1988:1750-53) wys daarop dat χάρις gebruik word vir genade en uitdrukkings van genade. Binne die konteks van 4:10 dui dit nie op ʼn spesiale eskatologiese genade nie, maar op genade van God (χάριτος θεοῦ). Petrus kwalifiseer dit ook nie as «end-time grace" nie, maar as ʼn «manifold» grace. Bratcher (1984:116) is reg dat God die kwalifiserende faktor is in hierdie vers: "God's varied grace: here grace means what is given, the gift; "the various gifts of God," that is, what God gives. This verse may be translated as follows: God has given you various gifts, and each one of you must be a good administrator of the particular gift he has received, and use it for the good of all." Holmer & Boor (1976:150) stem saam: „Er rechnet also damit, daß jeder Christ teilhat an der vielfältigen Gnade Gottes, daß er demzufolge auch Gnadengaben hat. Man kann sie nicht aus sich selbst hervorbringen, sondern nur empfangen."

23 Die RSV gee ʼn goeie letterlike vertaling van 1 Pet 4:11a: "whoever speaks, as one who utters oracles of God …"


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

en die krag gee vir ’n Christelike leefwyse: ὡς ἐξ ἰσχύος ἧς χορηγεῖ ὁ θεός (vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf 1990:122-23). Die gebruik van ὡς in die verband maak duidelik dat Christene in staat gestel word tot diensbaarheid volgens die krag wat God beskikbaar stel; vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf (1990:353-54). Soos die orakels die standaard is vir Christelike verkondiging, so is die maat van God se krag die bron vir Christelike diensbaarheid en barmhartigheid. Dis die teendeel van aktivisme en steun op eie krag. Net soos Petrus sy lesers aanmoedig om in hulle spreke God die standaard te maak, vermaan hy hulle om by diensbaarheid dieselfde te wees: afhanklik van die HERE. Hoewel die outeur nie nadruklik spreek van ampte nie gaan dit tog om genadegawes wat toegepas word binne die gemeente. [24] God stel die standaard en verleen die krag. Dit is gevolglik nie ’n onbeperkte oproep tot diensbaarheid nie, maar volgens gawes en krag wat God ter beskikking stel, ontbloot van menslike aktivisme.[25] Die Middeleeuse teoloog Beda (Bray 2000:118) vat die sentrale gedagte en die verbinding van die twee kategorieë goed saam: “It seems that Peter was afraid that he might say or teach something which goes against the will of God, or against what is written in Scripture, and be found to be a false witness to God or a blasphemer or a heretic who was introducing something which goes against the Lord’s teaching. And what he practiced himself in this respect he enjoins on us all.”

Dit alles het die eer van God in die oog. Dit blyk uit die slot van die perikoop, waar die outeur ἐστίν gebruik (vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf 1990:105) om te beklemtoon dat die heerlikheid en krag reeds aan die Here behoort.[26] Hy het

24 Petrus noem nie die ampte as sodanig nie (apostels, ouderlinge of diakens). Die kommentare gaan veelal daarvan uit dat die tweede kategorie ’n algemene oproep tot diensbaarheid in afhanklikheid van God beoog. Holmer & Boor (1976:151) weerspieël hierdie siening: „Nicht eine besondere Mahnung an Diakone und Diakonissen liegt hier vor, sondern ein Aufruf an die gesamte Gemeinde.“ Maar ’n mens sou wel moes toelating maak vir die spesiale toepassing of toepaslikheid van hierdie vers op die diakens van die Kerk. Senior (2003:119): “As with the charism of speech, “service” could refer to any act on behalf of another but the author may particularly have in mind public roles of service within the community.”

25 God is die kragbron vir Christelike diensbaarheid. Gevolglik is hy ook die standaard. Bolkestein (1963:165) maak dit duidelik vanuit die konsep van die menigerlei genadegawes van God: "Ook het dienen moet ondergeschikt blijven aan de bedoelingen van God. Zijn kracht is het, die in staat stelt tot recht dienen. Niemand, die dient, kan zich hoogmoedig op zijn daden verheffen. De ware daad is een werk van God zelf. Zij wordt veel meer aan de mens geschonken dan door hem gedaan."

26 Die betreklike voornaamwoord ᾧ kan verwys na Jesus of God. Goppelt (1978:291) en Van Houwelingen (1993:159) verkies laasgenoemde. Wiebert (1984:262) noem ten

regmatige aanspraak daarop.[27] Die doel van kommunikasie en dade tydens die laaste fase van die huidige planeet aarde, is dat God geëer sal word deur die verskil wat Jesus Christus in ʼn mens se lewe maak.

Samevattend, 1 Petrus 4:11 staan in die konteks van God wat in ʼn verhouding staan met sy mense en sy genade uitdeel aan almal persoonlik deur gawes wat hulle kan gebruik in hulle diens aan Hom en aan hulle medemens. Dié twee oproepe in 4:11 verteenwoordig twee soorte gawes: die verkondiging van God se Woord en diensbaarheid aan die medemens.[28] Waarskynlik moet dit binne die wyer konteks van 1 Petrus verstaan word as toepassing van die Here se genade in die gemeente van Christus. Hy gee twee riglyne wat ʼn parallelle struktuur vertoon: εἴ τις λαλεῖ, ὡς λόγια θεοῦ· εἴ τις διακονεῖ, ὡς ἐξ ἰσχύος ἧς χορηγεῖ ὁ θεός. Die outeur doen dit bewustelik om God voor te stel as die bron en die maatstaf van verkondiging en dade in die gemeente van Christus. Die twee oproepe is nogal omvattend: woorde

---

gunste hiervan dat God die onderwerp is van die sin (δοξάζηται). Schreiner (2003:216) voeg daaraan toe dat dit "seems strange to some to say that the glory is both "through" Christ and also for him," maar vind tog wel dat dit in Rom 11:36 ook so gedoen word. Grammatikaal is "Jesus" die naaste verwysing. Verder word vergelykbare hulde aan Hom bewys in 2 Pet 3:18: αὐξάνετε δὲ ἐν χάριτι καὶ γνώσει τοῦ κυρίου ἡμῶν καὶ σωτῆρος Ἰησοῦ Χριστοῦ αὐτῷ ἡ δόξα καὶ νῦν καὶ εἰς ἡμέραν αἰῶνος ἀμήν. Ander verwysings in nie so duidelik nie, bv. Heb 13:20-21; Op 1:5-6; vgl. Bratcher (1984:117). In hierdie verwysing egter, en in die meeste ander wat gewoonlik gebruik word om Jesus te verstaan as die antesedent van ᾧ in 1 Pet 4, mag die betreklike voornaamwoord filologies ook verwys na θεός. Holmer & Boor (1976:152) verkies nietemin om Jesus as die antesedent te beskou. Selwyn (1947:220) oordeel: "The order of the words strongly favours it." Schweizer (1998:83) is nie so seker nie: „So oder so, Gott, wie er sich in Christus offenbart hat, steht allein im Rampenlicht, nicht die reddened und dienenden Menschen." Dit kan ook wees dat die outeur bewustelik die moontlikheid vir altwee interpretasies oop laat. Joh 17:5 (καὶ νῦν δόξασόν με σύ πάτερ παρὰ σεαυτῷ τῇ δόξῃ ᾗ εἶχον πρὸ τοῦ τὸν κόσμον εἶναι παρὰ σοί) hanteer die heerlikheid wat aan God en Jesus gegee word op dieselfde vlak.

27 Die uitdrukking ᾧ ἐστιν ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος benadruk dat die heerlikheid en krag regmatig syne is. Balz & Schrage (1973:110) stem saam: „Wichtig ist der Indikativ („ist", nicht: „sei"): Gott wird nicht etwas Fehlendes zugesprochen, sondern es wird das ihm Zukommende aufgenommen und lobend gepriesen."

28 Schweizer (1998:82) het ʼn unieke verklaring van 4:11. Hy oordeel dat dit sowel by spreke as diensbaarheid gaan om "Arten des <<Dienens>> (im weiteren Sinn von V.10)". Hoewel dit interessant klink ("Alle Christene moet God dien met woord en daad!"), is dit nie ʼn uitleg wat reg laat geskied aan die grondteks van 1 Pet 4:11 nie. Petrus onderskei self tussen diens en praat. Hy beskryf twee onderskeie situasies: "as iemand praat"; en: "as iemand dien".


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

én dade. Vir albei is God die standaard. Dit gee Gód as die fokus[29] vir die gedrag van Christene, veral in die gemeente-konteks. Die outeur versterk verder dit deur die doel van beide te beskryf, die eer van God: ἵνα ἐν πᾶσιν δοξάζηται ὁ θεὸς διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ, ᾧ ἐστιν ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων, ἀμήν.30

## 4. DIE SKRIF AS STANDAARD VIR VERKONDIGING, I PETRUS 4:

### 4.1 Eksegese van die tersaaklike deel van 1 Petrus 4:11 as onmiddellike konteks van λόγια θεοῦ

1 Petrus 4:11 beklemtoon die rol van openbaring uit die hemel vir die verkondiging in die Christelike gemeente. Sy oproep, εἴ τις λαλεῖ ὡς λόγια θεοῦ, kom neer op die feit dat hulle wat namens God praat, moet seker maak dat hulle die orakels van God self deurgee en nie hulle eie insigte of voorkeure nie.[31]

---

29 Petrus vertel sy lesers dat dit wat aangaan in die gemeente en die Christelike lewe op God gerig moet wees. Selwyn (1947:219) toon aan dat dit immers God is wat die genade verskaf vir woorde en dade. Daarom het hy ook die reg om sy standaarde te stel: "All is of grace: the teacher or preacher is not to be the purveyor of his own notions, but the transmitter of the utterances of God; the minister must not be setting forth his own competence or importance." Feldmeier (2005:147) stem saam: „Nicht die Vielfalt der Begabungen steht im Vordergrund, sondern ihre Rückbindung an Gott, der die Kraft zum Dienst verleiht, wie ausdrücklich hervorgehoben wird." Knoch (1990:117) benadruk dieselfde: „Darum ist die Ehrung und Verherrlichung Gottes die höchste Aufgabe und Möglichkeit der Menschen, und zwar zunächst dadurch, daß die Menschen entsprechend ihrer Bestimmung nach der Ordnung und den Wiesungen Gottes leben."

30 Die lofprysing eindig met die gebruiklike bevestiging ἀμήν: «Mag dit so wees,» of, «Dit is so « (Bratcher 1984:117). Vgl. Rom 11:36; 16:27; Gal 1:5; Ef 3:21; Phil 4:20; 1 Tim 1:17; 6:16; Heb 13:21; 2 Pet 3:18; Jude 25; Rev 1:6; 5:13-14; 7:12.

31 Die gebruik van die meervoud λόγια impliseer 'n kategorie, 'n versameling van Godsprake. Hierdie openbaringskarakter word benadruk deur die toegevoegde θεοῦ. Groenewald (1977:80) herken dit: «In die grondteks is daar sprake van die «uitsprake van God» (logia) en nie die «woorde van God» (logoi) nie. Die bedoeling is dat die spreker daarvan bewus moet wees dat God die woorde van mense in sy diens neem, en «uitsprake van God» uit die mond van die mens laat voortkom.» Elliott (2000:759) laat blyk 'n ander interpretasie, as hy sê dat λόγια hierdie toevoeging benodig om die openbaringskarakter duidelik te maak: «When qualified by «of God» (theou), the term logia assumes the sense of «oracles» of God, that is, weighty words or promises originating with God.» Die logia as sulks is egter altyd orakels, met of sonder kwalifikasie. Die toevoeging van θεοῦ versterk juis daardie gedagte wat al klaar bepaal is deur die woord self. Goppelt (1978:287) verduidelik hierdie inherente openbaringsbetekenis

Dit bevat lesse vir die regter- en die linkerflank van die kerk. Hulle moet praat "as one who utters the oracles of God" (RSV).[32] Of: "Spreekt iemand, dan zo dat hij uitspraken van God verwoordt" (Van Houwelingen 1991:158).

Met ander woorde, Petrus maak die gesag van menslike woorde in die gemeente afhanklik van die mate waarin hulle ooreenstem met die versamelde Godsprake, vir alle praktiese doeleindes: die Skrif, God se geopenbaarde waarheid.[33]

---

van τὸ λόγιον: „der „Spruch", der „Ausspruch", ist schon im außerbiblischen Griechisch vor allem der von der Gottheit ausgehende Spruch, nahezu das Orakel. In der LXX ist τὸ λόγιον τοῦ θεοῦ weithin gleichbedeutend mit ὁ λόγος τοῦ θεοῦ, der biblischen Wortoffenbarung." Selwyn (1947:219) stem saam: "As in classical and Hellenistic Greek it means any divine utterances, such as oracles (cf. Thuc.ii.8, Aristoph. Eq.122), so here: the speaker in the congregation should reckon himself to be charged not with his own opinions but the utterances of God." Schreiner (2003:215) plaas hierdie goddelike oorsprong van λόγιον binne die konteks van die Septuaginta en die Nuwe Testament: "The "oracles of God" refer to the words God has given his people (cf. Acts 7:38; Rom 3:2; Heb 5:12). The phrase is rooted in the Old Testament, where we have both "oracles of God" (LXX Num 24:4,16; Ps 106:11 and "oracles of the LORD, "logia Kyriou, LXX Pss 11:7; 17:31) and "your oracles" (LXX Pss 118:11,103, 148, 158; 162; cf. Wis 16:11). Using speaking gifts to minister to others means that the one speaking endeavors to speak God's words."

32 Petrus roep sy lesers op dat εἴ τις λαλεῖ ὡς λόγια θεοῦ ("as iemand praat, laat die orakels van God sy standaard wees"). Jesus het 'n vergelykbare beginsel verkondig in Joh 7:16-18: ἀπεκρίθη οὖν αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς καὶ εἶπεν ἡ ἐμὴ διδαχὴ οὐκ ἔστιν ἐμὴ ἀλλὰ τοῦ πέμψαντός με. ἐάν τις θέλῃ τὸ θέλημα αὐτοῦ ποιεῖν γνώσεται περὶ τῆς διδαχῆς πότερον ἐκ τοῦ θεοῦ ἐστιν ἢ ἐγὼ ἀπ' ἐμαυτοῦ λαλῶ. ὁ ἀφ' ἑαυτοῦ λαλῶν τὴν δόξαν τὴν ἰδίαν ζητεῖ ὁ δὲ ζητῶν τὴν δόξαν τοῦ πέμψαντος αὐτόν οὗτος ἀληθής ἐστιν καὶ ἀδικία ἐν αὐτῷ οὐκ ἔστιν (1933/53-Vertaling: Jesus antwoord hulle en sê: My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het. As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek. Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van dié Een wat Hom gestuur het, Hy is waaragtig en daar is geen ongeregtigheid in Hom nie.)

33 Senior (2003:125) dink dat εἴ τις λαλεῖ ὡς λόγια θεοῦ verwys na die verbale en nie-verbale kante van kommunikasie: "Those who speak should do so as if speaking an 'oracle of God." Hy is van mening dat dit gaan oor die feit dat 'n mens moet oordra dat sy krag en die gesag van sy aksies op God berus. Petrus verwys egter geensins na die wyse van praat of verkondiging in hierdie verband nie. Die standaard wat hy voorhou is ὡς λόγια θεοῦ. Oor hoe dit gedoen moet word is daar verder geen voorskrifte nie. Hierdie siening het wye steun onder die kommentare, wat gevolglik Senior se siening verwerp. Balz & Schrage (1973:110): „Ihr Wort soll Gott und nicht sie selbst zur Sprache bringen." Bratcher (1984:116): "As one who utters the oracles of God: His words should be as though they were God's own words, 'as one who has received his message from God.' Or 'Whoever preaches should proclaim the very message of God,' 'Whenever

Sommige navorsers (soos Michaels 1988 oor 1 Pet 4:11) maak baie van die feit dat die bepaalde lidwoord weggelaat word by εἴ τις λαλεῖ ὡς λόγια θεοῦ. "Indien iemand praat, laat dit wees volgens die geopenbaarde Woord van God." Hoewel die gebruik van "praat" in vandag se Afrikaans aanvaarbaar geword het, sou "verkondig" kon aandui dat die outeur dalk onderrig in die gemeentekonteks in gedagte het. Dit is egter onnodig om te veel te maak van die ontbrekende bepaalde lidwoord. Dit word immers in die Grieks dikwels weggelaat, veral in voorsetsel-konstruksies (vgl. Blass, Debrunner, Rehkopf 1990:205-206) of wanneer die outeur juis 'n definitiewe konsep beoog wat algemeen aangewend kan word. Met ander woorde, dit gaan in 1 Petrus 4:11 om 'n begrip, verskynsel: die verskynsel van orakels, die versameling Godsprake, die geopenbaarde Woord van God.

By moderne Westerse tale is die funksie van die lidwoord dikwels omgekeerd. Om hierdie rede word ὡς λόγια θεοῦ in Engels korrek vertaal met 'n bepaalde lidwoord: "as *the* oracles of God" (AV); of "*the* very words of God" (NRSV, NIV). Dit gee 'n aanduiding van 'n inherente kwaliteit, nie van 'n gevoelsmatige uiting nie. Dis nie maar net "soos God sou praat" nie. Die uitdrukking ὡς λόγια θεοῦ gaan baie verder as dit. Dis 'n oproep om gehoorsaam te wees aan spesifieke orakels van God, wat in die meervoud sonder bepaalde lidwoord voorgehou word as 'n begrip wat in hedendaagse Afrikaans vertaal kan word as "die Skrif" of: "geopenbaarde Woord van God".

Christelike verkondiging het net gesag vir sover dit ooreenstem met die Bron. Dit verwys nie na die krag of die gebare waarmee dit gestel word nie, maar na die inhoud van hulle woorde.[34] Hulle wat aanspraak daarop maak om vir God te lewe,

anyone speaks, his words should be as the words of God.'" Spicq (1966:152) vertaal: "comme les paroles de Dieu." Bolkestein (1963:164) stem saam dat dit gaan om die band met God: "Wie geroepen is tot spreken, moet erop letten, dat zijn woorden ook werkelijk dienst aan het woord van God zijn. Het moet het instrument van Gods eigen spreken zijn, Het moet, in één word, dienst zijn."

34 1 Pet 4:11 laat 'n mens dink aan die Ou-Testamentiese geskiedenis van die profeet Bileam wat sy profetiese boodskappe moes onderwerp aan die orakels van God. Numeri (LXX) gebruik dieselfde woord λόγια in daardie verband. Soos Petrus se lesers was Bileam gebonde aan God se orakels. Hulle was die maatstaf vir sy profetiese verkondiging. Num 24:4: φησὶν ἀκούων λόγια θεοῦ ὅστις ὅρασιν θεοῦ εἶδεν ἐν ὕπνῳ ἀποκεκαλυμμένοι οἱ ὀφθαλμοὶ αὐτοῦ. Dit blyk ook later in Num 24:16: ἀκούων λόγια θεοῦ ἐπιστάμενος ἐπιστήμην παρὰ ὑψίστου καὶ ὅρασιν θεοῦ ἰδὼν ἐν ὕπνῳ ἀποκεκαλυμμένοι οἱ ὀφθαλμοὶ αὐτοῦ. (τὰ λόγια) in vrees en waarheid ontvang het." (Vgl. Lake 1977:43-44.) Hierdie gehoorsaamheid is nie net van toepassing op die eerste ontvangers van daardie orakels nie, maar ook vir latere geslagte wat die optekening daarvan het in die Skrif. 1 Klemens LIII: "Want julle, geliefdes het 'n goeie verstaan van die heilige Skrifte, en julle het die

moet sy gedagtes deurgee[35] en nie hulle eie godsdienstige praatjies en stories nie.[36] Dit is in die eerste plek ’n oproep gerig tot dié wat preek en onderrig gee in die Kerk, in die samekoms van die gemeente of in pastorale arbeid,[37] maar dit kan ook wyer toegepas word. Klemens van Rome praat oor die orakels van God wat na die heidene geneem moet word. Daarby verwys hy indirek na Petrus se gedagte as hy sê dat hulle wat die orakels van God in hulle mond neem, ook ’n voorbeeldige lewenswyse moet hê wat God eer.[38] In hulle woorde en dade het gelowiges die Here in die oog.[39]

---

Orakels (λόγια) van God bestudeer.” (Vgl. Lake 1977:98-99.) Sien ook 1 Klemens LXII: “Ons het baie goed geweet dat ons geskry het vir uitstaande mans wat gelowig die Orakels van God se onderwys bestudeer het.”(Grieks: εἰς τὰ λόγια τῆς παιδείας τοῦ θεοῦ.)

35 Om die Here se insigte te verkondig veronderstel ’n persoonlike verhouding tot God. Die onmiddellike konteks van 1 Pet 4:11 is een van afhanklikheid van God. Holmer & Boor (1976:151) bring dit tereg onder die aandag: „Im Griechisch ist nicht nu rein Vergleich gebraucht, sondern die Wirklichkeit bezichnet. Der Redende soll Worte sprechen, die wirklich von Gott her kommen. Wo das geschieht, wird es - zu Gottes und nicht zur eigenen Ehre- ein wirksames Reden sein, vom Heiligen Geist und seinen Gnadengaben bestimmt.“

36 Miller (1993:307) is van oordeel dat die orakels van God in 1 Pet 4:11 opgevat moet word as Apostoliese verkondiging: “One who dares to speak for God to others must be as one who utters oracles of God rather than his own ideas, thus giving the apostolic faith control of all future developing tradition.” Petrus beklemtoon egter die openbaringsfenomeen, maar kwalifiseer dit nie in 4:11 nie. Sy nadruk is op God wat gepraat het. Dit is moontlik om die apostoliese verkondiging daartoe te reken, maar indien dit wel die geval is, dan benadruk Petrus die feit dat dit God is wat praat. Aangesien die outeur geensins verwys na die apostels nie, is Miller se standpunt onwaarskynlik.

37 Die huishouding van God, die Gemeente, is waarskynlik die plek waaroor Petrus praat met die oog op die orakels van God wat die standaard moet wees. Holmer & Boor (1976:150) is reg as hulle voorstel dat dit prediking en pastorale gesprekke insluit: „Da es hier um den gegenseitigen Dienst (V.10) geht, wird Petrus mit „reden“sowohl an die Rede in der Gemeindeversammlung denken, als auch an das perönliche Wort von Bruder zu Bruder.“

38 2 Klemens XIII.3 (Lake 1977:149): “Want as die heidene uit ons mond die Orakels van God (τὰ λόγια τοῦ θεοῦ) hoor, is hulle onder die indruk van hulle skoonheid en grootheid. Wanneer hulle egter na die tyd uitvind dat ons dade nie ooreenstem met ons woorde nie, verruil hulle die bewondering vir lastering en sê dat dit alles net mites en misleiding is.”

39 1 Pet 4:11 benadruk die realiteit van God se invloed in die Kerk. Verkondiging en diensbaarheid moet plaasvind in organiese eenheid en afhanklikheid van God. Van Houwelingen (1991:158) verduidelik dit gepas: "Anders gezegd: God zelf moet in


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

## 5. FILOLOGIESE GEVOLGTREKKING IN I PETRUS 4:

Petrus gebruik die spesiale orakelwoord λόγια met toevoeging van θεοῦ as verwysing na die versamelde Godsprake, God se openbaringswoorde, vir alle praktiese doeleindes: die Skrif. Hy gebruik hierdie woorde in ʼn konteks wat beklemtoon dat God se waarheid en genade die inspirasie moet wees vir die Christen se gedrag. Die erns van die oproep wat die woorde ὡς λόγια θεοῦ bevat word versterk deur die eskatologiese inbedding.[40] Die einde van die wêreld soos ons hom ken, is naby. Volgens Petrus is die nabye einde ʼn bemoediging, aangesien die veronregting dan vir die kinders van God gaan stop. God gaan immers alles oordeel volgens sy standaarde en dit is hy wat die regter gaan wees waaraan almal sal moet rekenskap aflê (cf. 4:12-19). In hierdie ernstige situasie moet die lesers van 1 Petrus besef dat dit die geopenbaarde Woord van God is wat die standaard verskaf vir preek en pastoraat in die Gemeente, asook vir die Christen se verbale gedrag in die algemeen. Die kollektiewe gebruik van λόγια θεοῦ is ʼn aanduiding dat dit in Afrikaans en Engels in vertaling die bepaalde lidwoord moet byhê. Dit gaan om “die Woord van God” of “die orakels wat God vir ons gegee het”. Petrus stel hiermee duidelik dat Christelike kommunikasie gemeet moet word aan en gegrond moet word op die geopenbaarde wil en voorskrifte van God. Hierdie λόγια is die instrument in die gelowige se hand om God in beheer te laat wees van sy verkondiging. Hy wat praat namens God, moet praat volgens God se openbaring. Dit wys in die eerste plek op verkondiging. Die openbaringskarakter is inherent aan λόγια en die hemelse oorsprong word versterk deur θεοῦ. Gevolglik is die λόγια θεοῦ, God se gesagvolle uitsprake, die maatstaf vir Christelike kommunikasie.

---

de gemeente aan het woord komen, zijn krachtdadig werk moet merkbaar zijn. Hij schenkt begaafdheid binnen de gemeente die sommigen profetisch, anderen dienstbaar maakt. Impliciet is hiermee de grootst mogelijke verantwoordelijkheid aangeduid. Zonder God kan men immers geen zinnig woord uitbrengen en niemand is gediend met daadkracht zonder het werk van de Geest."

40 Die lyding van gelowiges word eskatologies gepositioneer in 1 Petrus 4:12-19. Eskatologie word in die konteks van 1 Petrus 4 nie gebruik as ʼn fondament vir die gesag van God se orakels nie, maar slegs om te benadruk dat hulle van besondere belang is in ʼn situasie waar die wêreld ten einde loop en God al die mense gaan oordeel. Hulle lewens, hierdie wêreld met sy lyding en vervolging is maar net tydelik. Met ander woorde, die outeur roep sy lesers op om God se standaarde op hulle lewens toe te pas, aangesien dit God gaan wees wat hulle woorde en dade gaan beoordeel as regter en hulle ewige toekoms gaan bepaal.

’n Afrikaanse vertaling van 1 Petrus 4:11a wat reg laat geskied aan hierdie gevolgtrekkings is: “As iemand praat, laat die geopenbaarde Woord van God die maatstaf vir sy woorde wees.”

## AANGEHAALDE BRONNE

BALZ, H, W SCHRAGE. 1973. *Die Briefe des Jakobus, Petrus, Johannes und Judas.* (Das Neue Testament Deutsch) Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

BAUER, W, K ALAND, B ALAND. 1988. *Wörterbuch zum Neuen Testament.* 6., völlig neu bearbeitete Auflage. Berlin: Walter de Gruyter.

BEARE, FW. 1947. *The first Epistle of Peter. The Greek text with introduction and notes.* Oxford: Basil Blackwell.

BLASS, F, A DEBRUNNER, F REHKOPF. 1990. *Grammatik des Neutestamentlichen Griechish.* Göttingen: VandenHoeck & Ruprecht.

BOLKESTEIN, MH. 1963. *De brieven van Petrus en Judas.(De Prediking van het Nieuwe Testament)* Nijkerk: Callenbach.

BRATCHER, RG. 1984. *A translator’s guide to the letters from James, Peter, and Jude.* London: United Bible Societies.

ELLIOTT, JH. 1976. The Rehabilitation of an Exegetical Step-Child: 1 Peter in Recent Research. *Journal of Biblical Literature,* Vol. 95 (2): 243-254.

ELLIOTT, JH. 2000. *1 Peter: a new translation with introduction and commentary.* (The Anchor Bible) New York: Doubleday.

FELDMEIER, R. 2005. *Der erste Brief des Petrus.* (Theologisches Handkommentar zum Neuen Testament) Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt.

GOPPELT, L. 1978. *Der erste Petrusbrief.* (Kritish-exegetischer Kommentar über sas Neue Testament) Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

GROENEWALD, EP. 1977. *Die briewe van Petrus. Die brief van Judas.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

HOLMER, U, W de BOOR. 1976. *Die Briefe des Petrus und der Brief des Judas.* (Wuppertaler Studienbibel) Wuppertal: Brockhaus Verlag.

 2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

KNOCH, O. 1990. *Der Erste und Zweite Petrusbrief. Der Judasbrief.* (Regensburger Neues Testament) Regensburg: Friedrich Pustet.

LAKE, K. 1977. *Apostolic Fathers I.* London: William Heinemann.

LIDDELL, HG, R SCOTT. 1996. *A Greek-English Lexicon.* Compiled by Henry George Liddell and Robert Scott. Revised and augmented throughout by Sir Henry Stuart Jones with the assistance of Roderick McKenzie and with the cooperation of many scholars. With a revised supplement 1996. Oxford. Clarendon Press.

MICHAELS, JR. 1988. *1 Peter.* (Word Biblical Commentary) Waco: Word.

MILLER, DG. 1993. *On this rock: a commentary on First Peter.* (Princeton Theological Monograph Seriers) Allison Park: Pickwick.

SCHREINER, TR. 2003. *1, 2 Peter, Jude.* (The New American Commentary) Nashville: Broadman & Holman.

SCHWEIZER, E. 1998. *Der erste Petrusbrief.* (Zürcher Bibelkommentare) Zürich: Theologischer Verlag Zürich.

SELWYN, EG. 1947. *The first Epistle of Peter. The Greek text with introduction, notes and essays.* London: MacMillan.

SENIOR, DP, DJ HARRINGTON. 2003. *1 Peter, Jude and 2 Peter.* (Sacra Pagina) Collegeville: Liturgical Press.

SPIQ, C. 1977. *L'Épitres de Saint Pierre.* (Sources Bibliques) Paris: Librairie Lecoffre.

VAN HOUWELINGEN, PHR. 1991. *1 Petrus: rondzendbrief uit Babylon.* (Commentaar op het Nieuwe Testament, derde serie) Kampen: Kok.

VAN RENSBURG, FJ, W VOSLOO. 1999. *Die Bybellennium. 'n Eenvolume kommentaar op die Bybel.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

VAN RENSBURG, FJ. 1992. The outline of 1 Peter: A reconsideration. *Ekklesiastikos Pharos,* Vol.74/1 (NS3): 26-41.

VAN RENSBURG, FJ. 2005. Metaphors in the soteriology in 1 Peter: Identifying and interpreting the salvific imageries. *Novum Testamentum Supplements,* Vol. 121:409-436.

WIEBERT, D. 1984. *First Peter.* Chicago: Moody.

ZUIDDAM, BA, J VAN RENSBURG, PJ JORDAAN. 2008. Λόγιον in Biblical Literature and its

implications for Christian Scholarship. In: *Acta Patristica et Byzantina* (19) 2008: 379-394.

## TREFWOORDE

Orakel
Bybel
1 Petrus
Bybelvertaling
openbaring

## KEY WORDS

Oracle
Biblical authority
1Peter
Bible translation
divine revelation

## KONTAKBESONDERHEDE

Prof. Benno A Zuiddam
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Noordwes-Universiteit
Privaatsak X 6001
2520 POTCHEFSTROOM
Tel.: +27-(0)18-2991627
Sel: 083 355 5429
Faks: +27-(0)18-2994254
E-pos: drbazuiddam@bennozuiddam.com


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST